WellingtonINFO 2014.08.26

1 Baie belangrike inligting om van kennis te neem:

1.1 **Diefstal uit motorvoertuie**

Ons het in die verlede verskeie waarskuwings gerig tov die gebruik van afstandbeheerde toestelle deur kriminele om by voertuie in te breek. Tog gebeur dit steeds dat mense in Paarl en Wellington toenemend met hierdie slenter gevang word. Die proses om by die voertuig in te breek verloop min of meer as volg: Wanneer die slagoffer 'n afstandbeheerde toestel gebruik om sy voertuig te sluit (gewoonlik in parkeer areas) gebruik die kriminele 'n anders afstandbeheerde toestel om die sein van jou toestel te blokkeer, wat dan verhoed dat jou voertuig sluit. Baie mense het nog die (slegte) gewoonte om eers 'n end weg te loop van die voertuig af en dan die voertuig te sluit met die afstand beheerde toestel. Groot fout. Die kriminele druk net eenvoudig sy toestel, jou voertuig sluit nie en hulle het vrye toegang na jou voertuig om uit te haal wat hulle wil. Dit is altyd n goeie gewoonte om eers te voel aan die deur van voertuig dat dit wel gesluit is voordat jy wegstap.

1.2 **Sleutelhouers met "tracking device" (scam)**

Daar is 'n epos (gemors pos) wat die rondte doen dat kriminele sleutelhouers aan mense verkoop wat een of ander opsporing toestel bevat wat hulle dan toelaat om die "slagoffer" later op te spoor. Dit is n "scam". Dink maar altyd twee keer voordat jy n epos aanstuur waarvan die oorsprong nie bo redelike twyfel bepaal kan word nie.

2. The following information on Crime Hotspots from Wellington SAPS.

Weekly CCCF Feedback – Hotspot 2014/08/18 – 24

Burglary at Business Premises:-
Louw Street, Church Street, Fontein Street

Burglary at Residential Premises:-
St Jude Street, Dreyden Street, Reinders Street, Black Prins Street, New Cross Street, Mintoor Street

Robbery with A Weapon or Instrument Other Than A Firearm:-
Dietmann Street, Mossie Street, Pelikaan Street, Pentz Street, Hermon Road

Robbery with Firearm:-
Chameleon Street, Church Street

Theft Out Of A Motor Vehicle (Also Goods From The Back Of Ldv):-
St Thomas Street, Maurice Street, Pelikaan Street, Gans Street, Main Road, Station Road, Piet Retief Street, Abraham Street

Unlawful Intrusion:-
2nd Avenue

3. **Hugenote Laerskool word 60!!!**

Op 19 en 20 September 2014 word daar 'n Melodrama opgevoer in die P H Nortje-saal by Hugenote Laerskool. Kaartjies teen R 120-00 pp (ligte ete is hierby ingesluit) is te koop by die skool. Gaste sit en kuier om ronde tafels. Daar kan ook tafels vir groepe (vriende of familie) gekoop word. Kom lag en geniet die aand saam met die "akteurs" van die skool, asook die gemeenskap! Skoliere kan op Don,18 Sept, teen R 40-00 pp kom kyk! (Kyk wat vang julle juffrouens en menere aan) Vir Meer inligting besoek gerus die webtuiste by:
http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/wellingtoninfo/gebeure/

4. **Verblyf gesoek**:
"Ons het so 'n maand terug Wellington toe getrek, maar soek baie dringend n ander blyplek! 2 slaapkamer of 3 slaapkamer huis en dan seblief spasie vir ons hond ook, dis n golden retriever! Sal dit waardeer as jy dit op die nuusbrief plaas en as hulle my of my man wil kontak, my sel no is 0844595857 en my man Stephan is 0825210822. Dankie Reana"

5. **G-Voucher**
5.1 "Gaan besoek gerus die tuinbouprojek skuins agter die NG Moederkerk (voor ou Posduifklub/Jukskeibane). Dit is die begin van HOOP wat groei. Baie dankie aan Michael van Niekerk en sy span vrywilligers! EN ONTHOU: KOOP U VOUCHERS BY: *Hawekwa Kelder, Curves Wellington, La Rochelle B&B, Die Vleishuis, Mattelo Computers, Perfect Place, Doggy Parlour, Cummings Guesthouse, Wilmar Bouhandel, Wellington Fisheries, The Write Shoppe, Wimpy, Pick&Pay, NG Kerkkantoor Kerkstraat 11.*

5.2 Voucher vriende, Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan bevestig dat die G Voucher Projek gisteraand n toekenning vanaf die Burgemeester ontvang as n projek in die Drakenstein Munisipaliteit wat n positiewe verskil maak in die gemeenskap. Ons het uit n groep van ongeveer 20 toekennings die top drie gehaal waarvoor n amptelike "Oscar" oorhandig is met die titel" Mayoral YOU MAKE A DIFFERENCE Award. Dit is n bevestiging dat die ondersteuning wat u bied, deur die gemeenskap erken word. Verder het ons ook bevestiging gekry van verdere finansiële ondersteuning deur van die wyke.
Ons wil graag die konsep van THE STREET STORE in Wellington en Paarl beproef. Dit is n "rent-free, premise-free. free pop-up clothing store" wat op die straat bedryf word en ten doel het dat klere aan armes verhandel kan word. Kyk gerus op http://www.thestreetstore.org hoe dit werk. Ons soek vrywilligers wat belangstel om ons hiermee te help. G Project is reeds geregistreer om die konsep gratis te mag gebruik. Ons het ook Munisipale goedkeuring nodig. Kontak my asb indien u belangstel of van iemand weet wat sou kon help. Vriendelike Groete Danie"

5.3 **Betrekking gesoek:**
Ek weet julle het dit al geplaas maar wil tog vra dat dit weer sirkuleer word. Marlene het tydelik werk gekry maar dit was net tot einde Junie, Ek hoop regtig julle kan help. Ek het hier 'n dame wat dringend vaste werk soek. Verkieslik Paarl of Wellington omgewing. Haar naam is Marlene Theunissen. Sy is eerlik, pligsgetrou, hardwerkend en sal vir enige firma 'n aanwins wees. Haar kontak besonderhede is soos volg: sel no: 0722378674. Ek het ook 'n verkorte CV van haar. Haar e-pos: sterklekkers@gmail.com Groete Pierre Vermeulen, Pallets For Bread

5.4 **Lift club Wellington - Paarl**
Looking for lift club from Wellington (Ranzadale) to Paarl (Noorder-Paarl) Mon to Thurs (working hours 07h30 to 17h00) Fridays (just mornings) Can arrive earlier in mornings and leave later in afternoons to adapt, Laetitia (0795449242)

6. **Wellington Sakekamer:**
Interwaste Pty (Ltd), Proposed Waste Recovery, Beneficiation and Energy Project, Erf 34, Wellington
25 September 2014 om 18:00 gaan Mnr. Deon Louw van Drakenstein Munisipaliteit belangstellende lede van die Sakesektor en gemeenskap toespreek tov bogenoemde onderwerp by Monté Video Gastehuis, Kerk straat, Wellington. Belangstellendes kan 'n epos rig aan: christine@fcbgroup.co.za voor of op 22 September asb.

www.WellingtonINFO.co.za